Sing vooraf: Psalm 18:1 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte◠en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 2 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons God se genade oor ons met Psalm 19:4 (p. 83)

Wet

Psalm 19:4 (p. 83)

4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 81:1, 4, 17 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

17 Godverlaters sou / veinsend Hom gevrees het / met 'n skynberou;
maar my volk se tyd / sou in ewigheid / vrede◠en bloei gewees het.

Skriflesing: Job 42

Teks: Job 42:3

Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. (Job 42:3 AFR1953)

Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. (Job 42:3 AFR83)

Toe Job dit klaar gesê het, het hy nog iets gesê:

Daarom herroep ek en het berou in stof en as. (Job 42:6 AFR1953)

en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as. (Job 42:6 AFR83)

Let op die kontraste wat in hierdie stuk openbaring lê. Dis belangrik om dit raak te sien, want elke mens wat werklik glo, en wie se geloof vorder, gaan deur hierdie kontrasterende gebeurtenisse wat hier van Job en sy verhouding met die Here beskryf word.

- Eers sê Job dat hy weet dat die Here alles kan doen en dat daar geen plan is wat die Here nie kan uitvoer as Hy dit wil doen nie (v. 2).
    - Elkeen van ons weet dit ook – ons bely dit dikwels!
- Maar nou het die Here aan hom dinge geopenbaar wat hy met sy eie oë gesien het.
    - Meteens het daar 'n vernuwing in sy geloofsinsigte gekom!

Om iets te sien, maak 'n baie groter indruk op 'n mens as om dit te hoor.

- Die Here het Job uit die storm geantwoord en Job baie ernstig vermaan.
- Daarmee het God Job heeltemal in sy swakheid ontbloot.

Dit het 'n geweldige indruk op Job gemaak – hy het nie net gehoor nie, hy het ook die almag van God gesien!

- Daar het 'n kentering in Job se geloofskrisis gekom.
- Hy kyk met nuwe insig na die almag van God.
- Hy het geleer dat daar in die grootheid van God twee dinge is wat saamgaan, naamlik mag en reg.
- Dis asof hy van nuuts af die oneindige grootheid van God ontdek het en daardeur gedwing was om noodgedwonge sy eie kleinheid en swakheid in te sien.

Hy bely:

Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.
(Job 42:3 AFR1953)

En in vers 5:

Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.
(Job 42:5 AFR1953)

Mens kan sy verslaentheid werklik hoor: **. . . maar nou het my oog U gesien.**
Die Bybel maak 'n saak daarvan om die Here te sien. Daar is verskillende maniere om die Here te sien.

- Johannes 1:18 leer byvoorbeeld dat niemand die Here nog ooit gesien het nie.
- Dan praat die Bybel ook van 'n sien van God wat dodelik is. In Eksodus 33:20 sê die Here vir Moses:

  Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. (Eksodus 33:20 AFR1953)

Maar die Bybel praat tog ook van ’n ander manier waarop mens die Here wel kan sien en wat jou in jou saligheid versterk, byvoorbeeld Genesis 32:30:

> **Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.** (Genesis 32:30 AFR1953)

Dis die soort van sien van God waarvan Job ook praat. Dit verwys daarna dat mens God in die openbaring van sy verlossing en genade kan sien, en nie doodgaan nie.

Onmiddellik na hierdie openbaring beleef Job by homself voortgang in sy bekering en heiliging, en ook in sy berou oor sy sondes.

Dan is daar weer ’n kontras!

- In sy eerste antwoord het Job sy kleinheid erken.
- Na die openbaring erken hy die grootheid van God.

Dis ’n groot stuk vordering om te maak om van jouself af weg te kom en om voor die grootheid van die almagtige God te staan te kom!

Hy het meteens verstaan dat in God se grootheid mag en reg saamvloei:

- God beskik wat Hy wil oor wie Hy wil.
- Maar in alles word sy eer gedien en sy grootheid geheilig.

Kom ons plaas nou Job en ons eie geloof en lewe langs mekaar.

- Job was ’n siek man, vuil en vol swere.
- Toe sit hy nog in stof en as ook.

Dit beeld sy verlorenheid, sy verkeerdheid en sy berou uit.

- Hy het geen goeie saak met die Here nie!
- Hierin is hy beeld van elkeen van ons.

Maar aan die ander kant is dit ook so dat God Hom ook in die sienlikheid van sy genade aan ons openbaar – soos wat Hy Hom aan Job geopenbaar het.

- Ons het verlede week die heilige sakrament van die Nagmaal gevier – dis iets sigbaars wat God ingestel het.
- Ons het in die hantering van brood en wyn die simboliese openbaring gesien waarin God se grootheid mag en reg oor ons laat saamvloei:
    - Ons het aan die Here se tafel aangesit en sy verlossingsgenade gesien – die sakrament het met sigbare tekens afgebeeld dat God mens geword het en sy liggaam en bloed aan die dood oorgegee het, sodat ons gered kan word.
    - Die brood en die wyn is die sienlike van God se genade – ons kon sien en proe dat die Here Jesus gesterf het en dat daardie versoening wat Hy bewerk het, deel word van ons hele menswees.

Ons kon soos Job sien en beleef dat God in sy grootheid en sy genade ons in ons nederigheid en sondigheid opsoek en van sy vryspraak verseker.

- Ons kon ook soos Job voor God verskyn en ons sondes bely.
- Elkeen van ons kon in sy hart bely:
    - Here, ek neem aan die Nagmaal deel met diep berou oor die sondes wat agter my lê.
    - Ek neem egter ook deel met my oë op U gevestig.
    - Here, ons dank U dat ons oë mag sien dat u verlossing ons ook insluit.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 65:2 (p. 314)

2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 7 September 2008 (Nabetragting)

Opsomming

In God se grootheid vloei mag en reg saam. God beskik wat Hy wil oor wie Hy wil. In alles word sy eer gedien en sy grootheid geheilig.